

KAMMA-KLETS



Kwartaal 1

Eerste Uitgawe

13 April 2025

In hierdie uitgawe

Kyk wie word **60**.

Waar is ons **2023** belydenisklas?

Wie is ons **2024** belydenisklas?

'n VW-bus, 6 kinders en Kersfees.

Ons gemeente: Het jy dié geweet?

'n Selgroep sonder brieke.

'n Smullekker resep.

En nog vele meer...

Lees Binne



DS TOIT'S STORY

Stories is sticky.

Stories kleef aan jou vas.

Nie alle stories nie, maar sommige stories. Sommige goed, ander weer sleg. En so loop ons elkeen elke dag met hierdie stories wat aan ons vaskleef, dit alles terwyl ons ook ons eie mooi storie skryf. Gelukkig glo ons mos dat ons deel is van God se groter storie en dat Hy te lief vir ons is om ons uit Sy storielyn te verwyder. Dit is immers Hy wat Sy seun aan die kruis laat vasklou het, sodat ons altyd op 'n nuwe bladsy kan begin.

Ek is nou maar slegs vier jaar deel van Kraggakamma Gemeente se storie, maar van my kosbaarste herinneringe die afgelope paar jaar in Kraggakamma Gemeente was toe Gert Harmse, Stefan Blom, Alwyn Uys, Ivor Swartz en Lindie Strydom hulle stories (getuienisse) gedeel het.

Ek weet daar is soveel meer verhale vanuit die gemeenskap wat ons wil vasvang en deel. Ons wil stories deel wat aan jou vaskleef en wat jou met hoop die stad laat binne loop.

Skop uit jou skoene, sit op jou bril, sit aan die ketel, haal diep asem en wees oop om God deur hierdie verhale te ontmoet...

Ns: Indien jy 'n heerlike verhaal/getuienis het, stuur dit gerus vir ons aan. Ons hoop vir hierdie Kamma-Klets kwartaallikse koerantjie is om stories te deel. Indien jy 'n medewerker wil word, 'n storie wil stuur of 'n verbetering wil voorstel, kontak ons gerus by kraggakammaklets@gmail.com



**YOUR
STORY**

**TOY
STORY**

Ons Eie Ds MG is 60!



'n Gedig vir ons Pa op sy 60ste

Pa, vandag vier ons met blye gemoed,
Sestig jaar van liefde en moed.
'n Herder vir skape, 'n vriend in nood,
Met wysheid en sorg in elke woord.

Met 'n grap gereed, 'n glimlag sag,
Maar tog 'n trooster, sterk van krag.
Waar trane val, was Pa daar om te bly,
Om 'n hand te hou, 'n seën te sprei.

Van touchies speel met Kinderkrans,
Tot huise verf – 'n tweede kans.
By Fonteinvriende se dag so goed,
Bring Pa lag en nuwe moed.





Fietstrap vir Bybels, ons eie krieket afrigter,
Atletiek tydhouer, Pa maak die lewe ligter.
Boogie board, snorkel, 'n seeman so vry,
DIY – karring tot dit reg is, niks gaan verby.

Klavier, kitaar, en kooroptredes,
'n Gehoorlid met gees in sy gebedes,
Koningskos-maker. Bobaas pannekoekbakker.
Sê net lime milkshake dan is Pa wakker!

"Liefde vir God en liefde vir mekaar!",
Die boodskap wat bly, jaar na jaar.
Pa leef sy roeping, getrou en vry,
'n Lig vir almal, 'n voorbeeld vir my.

Sestig jaar en steeds vol krag,
Mag God Pa seën met vreugde en lag!

*-Geskryf deur Marius & Anna-
(Ds MG se kinders)*



Aan My Vriend

Toe ek hoor ek moet iets oor MG skryf, toe kom daar sommer baie goed in my gedagtes op. Ja, waar moet ek begin?

Ons paaie het gekruis Januarie 1986 toe ek as eerstejaarstudent by Oliehout koshuis in Bloemfontein ingeskryf het. Ek was saam met hom in 'n gang geplaas. So was hy ook my senior en om verder te sê, was hy toe my koshuis-pa. Ek was sy koshuis-seun. Ek moes vir hom koffie maak, goed aandra, die blou VW bus was en nog 'n paar takies. Ek moet sê, hy was darem nie te streng met hierdie eerste-jaar student nie.

Op Universiteit was daar seker maar 'n gespot met die mediese student wat dokters wou word en teologie studente wat dominees wou word. Ek kon van die begin af sien dat MG 'n ernstige man is en 'n man wat die Here dien.

Ek onthou ons gangbraaie, kuiers, huisvergaderings. Ons het saam slot gespeel op die rugbyveld (hy het min kwaad geword en nooit lelike woorde geuiter wat ek kan onthou nie) en ek het selfs na sy proefpreke gaan luister in Bloemfontein se kerke.

Ek kan onthou hoe intimiderend dit seker was om vir jou medegang-studente te preek. Ons sit in die kerk met pakke aan en luister dan aandagtig na hom (ons verstaan niks nie).

Gelukkig het die prof wat moes punte gee hom nie aan ons gesteur nie en het hy goeie punte gekry vir sy preke. Deur die jare het ek toe ook my koshuis-ma (Roemel) ontmoet tydens 'n boomplantseremonie.



Geskryf deur MG se jarelange, goeie vriend: Frans Stapelberg

Die tyd het gevlieg tot vier jaar later waar ons paaie eers geskei het na universiteit. Ons het altyd so 'n garingdraad-kontak gehou, (almal het mos 'n dominee nodig om te trou, doop en vir begrafnisse). Dit was so lekker toe ek hom in 1992 kon vra om vir my en Therese te trou. Dit is mos 'n stresvolle storie. Dit het so baie "pressure" van my afgehaal. Ek dink dit was meer stresvol vir Therese. Dit is baie besonders dat hy ook ons twee seuns (Heinrich met Megan en Ernst met Eska) in die huwelik kon bevestig. Hy het ook ons oudste kleinseun, Liam gedoop.

Toe MG-hulle Kraggakamma toe beroep is, was ons baie opgewonde. Hoofstuk 2 van ons verhouding het toe begin. Wat ek vandag nog onthou met sy intree- preek by Kraggakamma was sy woorde: "Dit is nie hy as persoon wat die verskil kan/ gaan maak in ons harte nie, maar dit is God se Woord wat deur hom op ons harte gaan lê en met ons praat. As ons harte oop is vir God se Woord sal die saad groei."

As MG bid, dan is dit vir my net so 'n bietjie anders. Die manier hoe hy praat, is so Goddelik, selfstandig, gesaghebbend. Met ons mannebyeenkomste op 'n Vrydagoggend is hy opgewek en vrolik. Hy blaas sommer nuwe energie in ons elkeen in, en as ons dalk so 'n bietjie afwyk van die tema sal hy sommer gou-gou ons weer terugbring op die regte lyn en net nog 'n vers of twee uit die Bybel uitlig ter ondersteuning van die saak. Alhoewel ek die manne- biduur lei, vul hy my altyd sterk aan wanneer daar dalk so 'n stilte kom en ons dalk nie iets verder het om oor die saak te sê nie. MG is 'n mense mens en maak baie grappies. Vir my is hy meer 'n vriend as 'n dominee. Hy is een van daai vriende wat net goed is vir jou.

Dankie, MG, dat jy Kraggakamma gekies het en ek hoop dat jy hier sal bly tot ons paaie eendag skei. Ons is lief vir jou en Roemel en baie geluk met jou 60ste en mag die Here jou seën met goeie gesondheid en nog baie jare saam met ons.

Oor Ds MG : Woorde deur sy vrou -Roemel van Rooyen-

MG

Hy is baie lief vir die Here en dien Hom met oorgawe. Jy het gevra vir iets wat ander nie van hom weet nie. Dit is nogals moeilik want MG is orals dieselfde.

Maar iets wat nie almal weet nie... en ek baie waardeer:

Hy maak alles reg by die huis: Toilette, ligte, watertenkes wat lek, lekkende krane, koppies waarvan die ore afbreek, die lys gaan aan en aan.

Hy gee nie sommer op nie. Super glue gel, Pratley putty, tang en draad... Hy sal als probeer.

Net so gee hy ook nie op op my of ander mense nie.

(Niemand is "te gebreek" nie.)



MG saam met sy Hartsmense

MG sal altyd die situasie probeer beter maak met 'n grappie.

Hy sal dit altyd regkry om my en die kinders te laat lag.

Dit is regtig lekker om by hom te wees.

Blomme op spesiale dae... al vergeet ek dalk van Valentynsdag, staan die ruiker reg as ek van die skool af kom.

Op enige staproete... as hy die hoogste punt sien, sal dit sy uitdaging wees om te kyk of ons daar kan uitkom. Ons hoor dan: "Ek wonder hoe mens daar uitkom..."

Sy keuse van musiek is uniek... Gewoonlik sluit dit nie net ernstige liedere in nie... Queen en die Cheetah lied.

Almal weet hy is lief vir rugby en eintlik enige sport. Ons kry darem kans om iets anders te kyk op die TV.

60 Woorde Vir 60 Jaar!



-Deur Niekie Oosthuizen-
Uit ons kerkkantoor

Kraggakamma Gemeente is
geseënd om saam met Ds MG sy
sestig jaar van genade te vier.

Dankie vir jou omgee-hart, groot
glimlag en wyse woorde
waarmee jy diep spore in almal se
harte trap!

Mag die jaar vorentoe gevul wees
met seëninge, vreugde en genade.

Ons waardeer jou en wens jou 'n
ongelooflike 60ste verjaarsdag
toe.



Raar Maar Waar



NG Kraggakamma het drie Van Rooyen-tweelinge...



Ds MG & PC Van Rooyen



Hanro & Wian van Rooyen



Wian & Hano van Rooyen

22 Mrt: Ons terreinwerker, **Mcinezeli Bethwell Silengela**
vier sy **60ste**. 'n Ware staatsmaker wat al sedert 2 Okt 1998
in diens is van die gemeente.

In sy glimlag beleef jy iets van Jesus se liefde.

Waar Bevind ons 2023 Belydenisklas Hulleself?

God
Grip
Grit

DIE PAD WAT ONS LOOP

Belydenisklas van 2023

Ons is geseëndes. Geseën om te seën.

Annica Botha



Studeer: BEd IF
Waar: Universiteit van Stellenbosch

John de Vos



Studeer: Doen 'n BA-graad in Handel en gaan die jaar begin spesialiseer in bemaking.
Waar: Varsity College

Mieke Dolphin



Studeer: BEd GF
Waar: In "The Friendly City" deur Aros. Internskap by Laerskool Mount Pleasant.

Luhein Frazenburg



Studeer: IT
Waar: Varsity College

Amari Gouws



Studeer: BCom Ouditkunde
Waar: NoordWes-Universiteit

Anè Human



Studeer: Dieetkunde
Waar: Noord-Wes-Universiteit

Chanté Kotze



Studeer: BCom ouditkunde
Waar: NoordWes-Universiteit

Nicole le Roux



Studeer: BEd IF
Waar: In PE

Lara Nell



Studeer: Veeartsenykunde
Waar: Pretoria

Zak Olivier



Studeer: BSc Landbou-
ekonomie en -bestuur
Waar: Noord-Wes-
Universiteit

Ruan Oosthuizen




Studeer: Post matriek om
volgende jaar Menslike
bewegingskunde te
studeer.
Waar: Hill College

Tiaan Peens




Studeer: Elektriese
Ingenieurswese
Waar: Universiteit van
Stellenbosch

Sarah Stenekamp




Studeer: BEd SF
Waar: In PE deur
NoordWes-Universiteit

Karla v. Rooyen



Studeer: Medies
Waar: Nelson Mandela
Universiteit

Johan v. Zyl



Studeer: BA met Afr en
Geo as hoofvakke
Waar: Nelson Mandela
Universiteit

Zanie Vlok



Studeer: Oogkunde
Waar: Universiteit van die
Vrystaat

2024-Klas

Hier is hulle!

Belydenisaflegging

Die belydenisklas van 2024 het hul geloofsbelydenis op 16 Februarie afgelê.



Zak Boshoff



Nicolene Botha



Zander Botha



Kayleigh Büchner



Evan Claassen



Linke de Wet



Milayke Fourie



De Wet Gerber



AJ Glaum



Mia Jv Rensburg



Chavonne Pieterse



Dannialle Rabie



Bea-né Schoeman



Justin Terblanche



Marco Stroebel



Miné Stroebel



Ané Retief



Elrie Thyse



Reegan vd Merwe



Karla v Rooyen




Alouise Vosloo



Doré Weitz

*Like sand through the hourglass,
SO IS THE DAYS OF GRACE IN OUR LIVES.*



Eksodus 3:

Mag julle Geestesoë so verhelder word dat julle elke oomblik, elke mens, elke gesprek as 'n 'brandende bos oomblik' sal sien.

Die Here is voor jou, Hy's langs jou, Hy's by jou.

Die bos brand in jou, vir jou en deur jou - van nou af tot in alle ewigheid.

Amen.

Vrae oor God lei tot vriendskap met God

"Hoe vind ek my doel in die lewe en hoe weet ek dit is in lyn met wat God vir my wil hê?" "Hoe weet ek God praat met my?" "Straf God ons met siekte?"

Moeilike vrae – selfs vir dié wat al in jare aangestap het.

Ek het die voorreg gehad om verlede jaar saam met Ds Toit en 'n groep pragtige tieners rondom vrae soos hierdie te kuier. Kraggakamma se belydenisklas van 2024 het my laat beseft dat tieners onbeskaamd eerlik kan gesels en redeneer oor die dieper dinge van die lewe. Ek het menige keer met 'n vars perspektief op moeilike lewensvrae huis toe gegaan na kategorie.

Ten spyte van besige programme en geweldige druk van soveel kante, het hierdie groep tieners getrou op 'n Sondag kom sit en gesels rondom God se Woord. En laat ek vir jou sê: Hulle kan diép dink.

Daar was ook lekker interaksie met ander mense ("atletiek" saam met die kleuterkerk, speletjies saam met MTR Smit Kinderoord, 'n geseënde kamp waar ons kosbare lesse by Moses kon leer).

Na 'n jaar van wonder, dink, bid en God se Woord raadpleeg, wil ek glo dat almal (ook ek) in 2024 gegroei het in ons verhouding met God en ons verhouding met die mense om ons.

Met die matriekjaar wat al goed op dreef is, is my wens vir elkeen van hierdie tieners dat hulle, soos Elia in 1 Konings 19: 10-14, tyd sal maak om in die wind en vuur van die lewe stil te word in God se teenwoordigheid en te voel dat Hy elke tree saam met hulle stap – nou, maar ook in die onbekende toekoms.



Deur: Erika Marais wat die 2024 belydenisklas saam met Ds Toit bedien het

Die frase: "God het 'n plan vir jou" begin al hoe meer insink soos ek sien hoe wonderlik stukke van my storie in plek val en hoe God goed laat gebeur en vir my vrede bring meer as wat ek ooit voor sou kon vra en wat ek verdien.

Waar die harte van vol is loop die monde van oor

Belydenisklas van 2024

Uit die mond van ons nuutse lidmate

My vrae is nog nie heeltemal beantwoord nie maar ek glo nie meer vas dat hulle beantwoord moet word nie. Dit is wat geloof, geloof maak. Jy moet kan glo, langs die pad vind jy waarvoor jy soek.

As 6 jarige het ek Jesus in my ouers gesien. Jesus was altyd teenwoordig in ons huis en ek is rerig bevoorreg om groot te kon word met soveel liefde vir die Here om my.

God het nie uit my lewe verdwyn toe lewe toe dinge moeiliker geraak het nie. Hy was nog heelyd langs my sy. Ek het net toe eers asem gehaal en en besef die grind waarop ek loop is Heilig. God is by my.

Nadat ek nader aan God geraak het, het die lewe nie makliker of moeiliker geword nie, maar makliker om te verstaan.

Ek vertrou dat wat ook al vir my in my toekoms voorlê, deel van sy groot plan vir my is en dat niks te moeilik is vir my om te oorkom met die Here nie.

2024 was die jaar waar die Here vir my gewys het "ek is by jou, los dit in my hande."

Om deel te wees van 'n kerk of geloof gemeenskap het my laat voel asof ek behoort en daai gevoel kry ek nie sommer nie.

En Dit Is Goed

Die slim mense sê: "Die sin van die lewe vind gestalte wanneer jy die prentjie van hoe jy dink die lewe behoort te wees, laat gaan en vreugde vind in die werklikheid wat jy leef."

Die duidelikste prentjie uit my grootworddae het 'n kombi met ses jolige kinders wat halflyf by die vensters uithang en Desember-vakansies by Ouma-hulle intrek, ingesluit. Die vraag – met watter tipe man ek sou moes trou wat vir die jolige spul en 'n skoonma vir Kersfees sou kans sien? – het nooit by my opgekom nie.

Die realiteit skop in. 'n Mooi troue en twee kinders later, gebeur die lewe toe heel anders:

Ek is oortuig 'n ma gaan op 'auto-pilot' na haar eersteling se geboorte en kom eers weer tot verhaal wanneer die jongste met 'n mes en vurk kan eet. Geheueverlies tydens die ontstaanjare van 'n gesin is algemeen en beter nog, noodsaaklik vir latere verhoudings.

'n Fris seuntjie maak na twee jaar se getroude lewe sy opwagting. Vir die eerste 40 dae en 40 nagte van sy lewe het hy pal geskree en pal melk gedrink.

Tussendeur het hy tyd gemaak vir refluks en kon hy 'n barshou boog-

spoeg. Ek het maande later nog na my suur skouer terug verlang. Op ses maande laat hy die klinieksuster se oë rek, en trek die babaskaal op 10kg. Hy het sy eie groeikaart gehad, en ek was terug op my matriekgewig. Met sy eerste verjaarsdag was hy 'n vriendelike vet babaseuntjie wat almal se harte gesteel het.



Ons dogtertjie maak presies twee jaar na die eerste ouerskap ontnugtering haar opwagting. Ek het nie net gebid vir 'n gesonde baba nie, maar skaamteloos ook vir 'n soet baba. Dit was toe so... Sy moes insae in die skryf van Gina Ford se "Contented little baby book" gehad het, want 'content' – dié was sy: Alles volgens die boek gedoen – min gehuil, soet geslaap, gedrink en later mooi geëet... Alles, behalwe kruip. Dié het sy eers op haar eerste verjaarsdag reggekry. Ek kyk nou nog met groot bewondering na babas wat op 9 maande kruip en teen goed opstaan.

Ons trek twee keer tydens die lewensveranderende gebeurtenisse van ouers word – een keer van die kus af, Gauteng toe, en genadiglik later weer terug kus toe. Oor die ses kinders in die kombi, het ons nooit weer gesels nie. Die gesin was voltallig.


Kinders bring mens op wonderlike plekke in die lewe. In ons geval, nog nie Parys of Phuket nie. Ek het wel geleer dat die Steers op Kimberley en die Farm Kitchen op die Reenendalpad buite Knysna tydens sporttoere, 'n unieke bekoring inhou. Die landbouskool op Cradock se 'kampterrein' sal dalk nie 5 sterre op Tripadvisor kry nie, maar niks is lekkerder as om jou kind op die sportveld te ondersteun nie.

Tans is ons besig om 'n middeljarige krisis redelik suksesvol af te weer. Die prentjie van die jolige ses in die kombi het heeltemaal verdof. Die dae wat uitstaan is daardie waar jou tienerseun kom sê het: "Ek het Mamma tot aan die anderkant van die veld hoor skree na my "try-saving-tackle". En wanneer jou dogter – al diep in die hoërskool – soggens kom regstaan dat jy haar hare kan vasmaak – al kon sy dit al lankal self mooier doen. As jou man saans kies om reguit huistoe te kom, en jy steeds elke oggend koffie in die bed kry – dan besef mens, dat jy die werklikheid wat jy leef, nie anders sou wou hê nie. En dit is goed.

Deur: Ignat Vosloo
(Die mamma met die groot kameralens langs die sportveld)



Vroue In Aksie



VIA (Vroue in Aksie) het op 20 Februarie 2025 die jaar afgeskop met 'n heerlike Pik-en-Proe-Aand met die tema: "Bykos is Bobaas by die Braai!" Vriendskappe is gesmee en resepte is gedeel. Dankie aan elkeen wat 'n gereg gemaak het. Julle is sterre! ✨

VIA het saam met die dames van Lorraine en Sherwood gemeentes op 6 Maart 2025 die Wêreldbiddag vir Vroue en Mans aangebied. Die vroue van die Cook Eilande (naby Nieu Seeland) het hierdie jaar die program opgestel. Die tema was uit Psalm 139: "You are wonderfully made".

Met die verwelkoming is elkeen gevra om vir 'n wyle hulle oë toe te bind met 'n serpie waarop Psalm 139 geborduur is. Die gedagte was dat mense moes ervaar hoe dit voel om jou sig te verloor, aangesien die spreker Stargardt Siekte het en besig is om haar sig te verloor. Ds Barbara-Mari van Sherwood gemeente het inligting oor Christene se lewens op die eilande gedeel, terwyl Ds Tijane van Lorraine gemeente vir Christelle en Henry voorgestel en gebid het.

Christelle Webb-Joubert van RSG en haar man, Henry, het hulle getuienis gelewer. Hulle het getuig oor die moeilike pad wat hulle stap vanaf Christelle se diagnose. Christelle en Henry het ook groot uitdagings met hulle seun, Lukas (13 jaar oud) wat stom is. Hulle getuienis oor die Here se sorg en hoe Hy hulle deur elke moeilike situasie dra is 'n bewys van 'n vaste vertroue in en verhouding met die Here. Hulle getuienis was aangrypend en elkeen is aangeraak deur hulle verhaal en hulle vertroue in die Here.

Vir meer inligting oor VIA, kontak gerus vir Marisa van Wyk (082 493 6258).



Kategese-Uitstappie




Die kategese begin elke jaar met 'n uitstappie. Op Sondag, 2 Februarie 2025, het families by Cape Recife lighthouse bymekaargekom vir 'n oggend propvol pret.

Eier en lepel resies, eiergooi, loopplanke en waatlemoen eet was onder andere van die aktiwiteite waaraan families saam deelgeneem het.

Ons is saam opgewonde oor geloofsvorming van hierdie jaar wat in gesinne en in kategese-groepe gaan plaasvind. Indien jy enige navrae het oor die Kinder- of Familiebediening by die gemeente, kontak gerus vir Ds Toit Wessels (084 240 2916).



Fonteinvriende



Die Fonteinvriende (afgetrede persone) het 2025 heerlik afgeskop. Ja, ons kan t.s.v. die uitdaging van 'n paar seer knieë, gebreke skouers en die ouderdom, die jaar groot begin. Op 13 Februarie was daar 'n gesellige oggend in die kerksaal gehou om die liefde te vier. Almal het lekker pret gehad met die raai van lede se troufoties en 'n musiekvasvra. Natuurlik is daar ook verversings geniet en besef God is Goed en Sy liefde vir ons oortref ALLES.

Vir meer inligting rakende die Fonteinvriende en wat ons volgende beplan kontak gerus vir Linda Rossouw (084 402 4396).



‘n Selgroep Sonder Brieke



Die Welwitschia is ‘n rare en skaars plantsoort wat slegs in die woestyn voorkom. Ek het lank kopgekrab oor die ooreenkoms tussen die Welwitschia selgroep en die plant. My antwoord? Beide is werklik besonders en nie algemeen verspreid nie.

Hoewel hulle Donderdae om 09:30 afwisselend by verskillende huise bymekaar kom, kuier ek op ‘n Maandagoggend by hulle waar hulle besig is om kinderklere te sorteer om weer verder te versprei.

Hierdie selgroep is ongeveer 11 jaar gelede gevorm en is lank gelei deur oorlede Willie van der Merwe. Hulle gaan egter van krag tot krag en is nog steeds net so aktief met hulle huidige 10 lede, al was hulle al by tye soveel as 13. Rassie du Plessis en Lucian Pienaar neem deesdae saam die leiding in hul sel.

Ek hoor jou al vra wat hulle dan so besonders maak. Nie net is dit die ondersteuning tussen die sellede nie, maar ook die verskeidenheid projekte waarby hulle betrokke is en wat hulle werklik hul eie gemaak het.

Die kinders van Place of Hope, ‘n informele woongebied in Greenbushes is seker hul belangrikste en grootste projek. Hulle het al van die kinders tot deur matriek ondersteun en tans het hulle ook drie hoërskoolkinders en nege laerskoolkinders uit die woongebied wat ondersteun word.

Die kinders word van skoolbenodigdhede, toiletware en elke nou en dan ook ‘n bederfpakkie voorsien. Hulle welstand word ook gemonitor deur direkte skakeling met die verskillende skole waar die kinders skoolgaan. Die gesinne van Place of Hope word ook kwartaalliks van ‘n kospakkie voorsien. Daar is wonderlike stories van gesinne wat al uit hierdie informele nedersetting kon aanbeweeg om weer vir hulself te sorg.

Nog belangriker, soos Carol Botha, die aanvoerder van die projek, ver-

duidelik, is die baie gebede wat vir elke kind by die naam gebid word.

Wilma en Harry Keevy hou toesig oor die skakeling met die gemeente se huis 9 in MTR Smit Kinderoord. Daar sorg hulle elke jaar vir minstens een kind se verjaarsdagpartytjie. Verder was hulle al betrokke by die verf van die huis, is storte geteël, is hakies aangebring, ‘n yskas vervang en serpe en musse voorsien. Die kinders daar is baie gelukkig, want hulle DSTV word ook maandeliks deur hierdie wonderlike selgroep betaal.

Daar word ook maandeliks toiletware aan die bejaardes van Huis Louisa Myburgh voorsien volgens wat benodig word. Hulle probeer ook om elke jaar met Moeders- en Vadersdag ietsie aan elkeen van die inwoners te gee.

Dan word daar ook so elke nou en dan iets aangestuur na Vistarus en na die PE Noord gemeente soos dinge beskikbaar raak.

Nee, die projekte word nie uit die gemeente se finansies bedryf nie, maar uit die bydraes van elke sellid, hulle families en uitgebreide vriendekringe.

Buiten al hierdie projekte is die onderlinge omgee tussen hierdie selgroep se lede net so (indien nie meer merkwaardig).

Die wat alleen bly, word elke dag gemonitor om seker te maak alles is in orde. “As die duimpie nie in die oggend gestuur word nie, word daar gebel om seker te maak die persoon is reg vir die dag,” vertel hulle. Hulle vertel ook dat al hierdie projekte uit dankbaarheid vir wat hulle het, aangepak word.

Die samesyn van die groep en die onderlinge bande wat oor die jare gesmee is, is werklik merkwaardig. Hulle meen dat al hierdie projekte hul in hul aftreejare doelgerig laat lewe en werklik aan hulle almal vreugde verskaf.

Die werkendes in die gemeente kan uiteraard nie so baie doen soos hierdie groep reeds doen nie, maar so kan elke selgroep tog ‘n projek of wat aanpak. As jy nie deel van ‘n selgroep is nie, sluit aan en dit is hoe jy sulke wonderlike bande en ondersteuning kan vorm.

Lank lewe die Welwitschia selgroep (soos hul naamgenoot, die plant) en mag hulle regtig baie klein plantjies in die vorm van ander wonderlike selgroepe in ons gemeente instuur.

Indien jy meer wil uitvind oor selgroepe, kontak gerus vir Elizma Harmse (083 940 5617).



Het Jy Geweet?

PRET FEITE OOR ONS KERK




2025

Kraggakamma Gemeente
'Ons is God se fontein van liefde.'



1. DIE BEGIN

- Die gemeente dateer vanaf Maart 1973.
- Was die 23ste NG Kerk in PE.
- Afgestig van die Nooitgedact en NewtonPark NG Kerke.
- 1ste Predikant: Ds Jan Viljoen.




2. KRAGGAKAMMA

- Ons naam beteken: Baie/sterk water.
- Ons bring die kerk na buite.
- Ons is God se fontein van liefde.
- Ons kerk is 'n veilige ruimte.

3. DIE TUIN

- Ons tuin is 'n stukkie kultuur.
- Bestaan slegs uit inheemse bome, plante en struik:
- meer as 300 van hulle en 80 verskillende soorte.



4. DIE HOEKSTEEN

- Op 19 September 1975 deur Ds Viljoen gelê.
- Agter die hoeksteen is 'n tydskapsule ingesement met die volgende artefakte: koerant van 1973, geld en info oor die kerkraad, bou van die kerk en die kostes daarvan.

5. DIE ORREL

- 'n Klein Yamaha orreltjie is aanvanklik aangeskaf vir die dienste wat in Laerskool Sunridge se saal gehou is.
- Mev Dippenaar was die eerste orreliste.
- 'n Neo-Barok tipe pyporrel is in 1976 in gebruik geneem. Dr Temmingh het dit die eerste keer bespeel.



'n Storie uit 'n Ou Kommuni- kamma van van Maart 1996

Stoffel en sy slaapbroek...

Ek is deur die redaksie gevra om 'n ietsie te sê oor die tydperk wat ek koster was. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om almal te bedank wat dit vir die 14,5 jaar vir my maklik en aangenaam gemaak het. Vir diegene wat ongemak moes verduur met 'n toe venster wanneer hulle dit oop wou hê of anders om, ek is jammer. Ek het gou na my aanstelling as koster uitgevind dat ek nooit almal tevrede sal stel nie. Op baie warm dae met oop vensters en op koue winderige dae met toe vensters kon ek weet die gemeente is almal gelukkig.

Die lekkerwees van koster is die saamwerk met gemeentelêde. Hier moet ek melding maak van 'n groot aantal flukse dames – hulle is die harde werkers in die gemeente (ekskuus, manne).

Die slegwees is die vroeg opstaan Sondag (anders is daar van die ouer garde wat dink die koster het verslaap). Soos een oggend in Desember toe ons as gesin by Sea-Acres gekampeer het en die motor die oggend verseg het om aan die gang te kom. Die geluk by die ongeluk was dat ek my drafskoene byderhand gehad het en dit was nog nie te laat nie. Dit was soos 'n aflos – jy kan nie jou span in die steek laat nie. Ek het daardie oggend gedraf soos vir die eerste span. Gelukkig het niemand nog op die stoep gestaan en wag nie. (Is dit geoorloof om op 'n Sondag te draf?)

Nog 'n insident wat ek kan noem, is so ongeveer agt jaar gelede een nag na middernag toe die telefoon lui en 'n ene mnr Stickles, wat naby die kerk gewoon het, my laat weet die kerkklok het so 'n paar slae gegee. Ek het Ds Viljoen laat weet. Ons het mekaar by die kerk ontmoet – hy gewapen met 'n pistool en ordentlik geklee, ek in my haas met my slaapklere en die bos sleutels.




Ons het 'n beweging in die kerk deur die glasdeur waargeneem. Op hierdie stadium het ons die Polisie gebel en het ek tot die ontdekking gekom dat daar 'n probleem met my slaapbroek was – die rek wou nie die broek op sy plek hou nie – met die een hand moes ek die broek bo hou. Om 'n lang storie kort te maak – ons het die inbreker gevang. Gelukkig was hy in so 'n toestand dat hy nie weerstand kon bied nie en ek nooit die gebruik van albei hande nodig gehad het nie.

Ds Viljoen en ek het een Sondagmiddag nadat daar by die kombuis ingebreek is, die inbreker, na goeie speurwerk, naby Kaapweg vasgetrek en polisiestasie toe geneem. (Neem kennis, dominees en koster.)

Nog 'n probleem wat 'n koster ondervind as jy vir 'n naweek moet weggaan, is om iemand te kry om vir jou in te staan. By een so 'n geleentheid het my seun die Sondag vir my waargeneem en 'n ontwrigting by die Sondagskool veroorsaak. Die oggend het hy die lokale by die Voortrekkers oopgesluit, maar nadat hy die laaste lokaal oopgesluit het, ingedagte al die kamers weer begin toesluit (verstrooid). Gelukkig het iemand hom raakgeloop en gevra hoekom die deure gesluit is. Hy het dit toe maar weer gaan oopsluit!

Laastens wil ek net sê dat ek dit baie geniet het, en nogmaals baie dankie.

-Stoffel Lotter- (Oud-Koster -van Kraggakamma)



Wag maar en jy gaan sien



“En hoe gaan dit met die slapery?”

“Nee, ek dink dit gaan eintlik goed nou dat hy drie maande is.”

“Mmmmm, wag maar tot hy begin tande sny.”

“Ag, sy deel eintlik so mooi vir so ‘n klein dogtertjie”.

“OK, wag maar vir daai ‘terrible two’s’ en die ‘myne, myne, myne.’”

“Ons cope eintlik heel goed, dankie”.

“Hmm, wag maar tot julle ‘n tweede kind het. Wat nog te sê van ‘n derde- dan tref die chaos jou regtig!”

“Ek is so beïndruk met hoe oulik hy sy letters ken.”

“Geniet dit terwyl dit nog speel-speel is. Graad een se huiswerk en al daardie spellyste kom vir julle. Jy gaan sien.”

“Ons is darem die naweek rustig, net ‘n kinderpartytjie Saterdag.”

“Waardeer maar julle vry naweke. As hulle eers regte rugby begin speel, het jy nooit weer ‘n af naweek nie. Jy gaan sien.”

“Ons kinders het net 30 minute skermtyd per dag.”

“Gmf, wag maar tot hulle groter raak, dan fight jy ‘n losing battle teen die screentime. As al hulle maats eers selfone het, gaan jy nie anders kan as om ook maar in te gee vir Minecraft en Fortnite nie.”

“Wag maar.”

“Jy gaan sien”.

Amper soos balkies wat ouers dra om hul ervarendheid bekend te maak aan die minder ervare ouers. Vir tien jaar en deur drie kinders hoor ek die “wag maars” en die “jy gaan siens”.

Vir tien jaar en deur drie kinders deel ek self die “wag maars” en die “jy gaan siens” uit.

Daar is iets fundamenteel verkeerd aan hierdie negatiewe manier van jouself as ouer laat geld. Ons almal koop in die idee in dat ouerskap iets is om te “oorleef”, liewer as om te “beleef”. Ons praat ander wat nog moet kom waar ons is, bang, sodat ons kan goed voel oor onself.

Maar hoekom word sukses as ‘n ouer gemeet aan hoe moeg, besig, oorgestimuleer, oorgeskeduleer of oorgespandeer ons is?

Hoekom kan ons nie toelaat dat die nuwe mamma wie se baba goed slaap, goed voel oor haarself nie?

Hoekom vier ons nie die wonder van ‘n tweejarige wat die wêreld soos ‘n spons indrink, liewer as om dit die “terrible two’s” te doop nie?

Hoekom vertel ons nie vir ouers met een kind, hoe ‘n tweede of derde kind jou gesin kom volmaak en verryk op maniere wat jy nie eers besef het moontlik is nie?

Hoekom herinner ons nie die graad een mamma wat elke middag lyste en lyste van Biebie en Kalla moet saamlees, watter voorreg dit is om ‘n gesonde kind wat kán leer en kán lees te hê nie?

Hoekom vier ons nie die samesyn en lekkerte van besige Saterdag met ons kinders en ons gemeenskap langs die sportveld met ‘n boereworsrol en ‘n *Energade* nie?

Hoekom ondersteun en bemagtig ons as kinders nie liewer mekaar in die onbekende wêreld van “tweens”, “screentime” en “gaming” nie?

Hoekom is ons nie liewer “wag maar...dit raak beter”- en “jy gaan sien...alles gaan reg uitwerk”-ouers vir dié wat na ons kyk vir raad uit ons ervaring nie?

Onbewustelik meet ons onself as ouers aan hoe ons net-net “oorleef” en projekteer ons dit aan ander as hoe dit moet wees. Tien jaar en drie kinders later wil ek al die seëninge, lesse en wonderwerke uit die Vader se hand wat ek en my gesin beleef het onthou en wil ek ander bemoedig om meer as net elke fase van ouerskap te *oorleef*, maar dit werklik te *beleef*. Want *wag maar*, dit raak beter en *jy gaan sien*, alles gaan reg uitwerk.


*-Deur Candice van Rooyen-
(Een van die Van Rooyen-tweelinge se Ma)*



Doop

**Hy het jou op jou
naam geroep**

-Jesaja 43:1-



*“You are loved, you are
loved and nothing’s gonna
change that.”*

*Alana Oosthuizen
-09 Februarie 2025-*



**Daar is geen einde aan U
liefde nie.**

-Flam 112-

**Logan George Snetler
-06 April 2025-**

Bevestiging van Ouderlinge

-26 Januarie 2025-



**Johan van der Merwe
Sonja Tait**

*“Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook.”
-Johannes 20:21*



NOG 'N KEER OM DIE SON

-Spesiale Verjaarsdae-



- **23 Jan: Tannie Joey Schnetler : 90**
- **26 Feb: Tannie Isie Venter : 94**
- **07 Mrt: Oom Jan Schnetler : 97**
- **14 Mrt: Tannie Corrie Grobbelaar: 92**
- **31 Mrt: Oom Chris Koen : 93**

Uit My Kombuis



Tradisionele Hoenderpastei

-Deur Elna Thiart-

(Elna is al sedert 1986 deel van ons gemeente)

Tradisionele Hoenderpastei

Bestanddele:

2 Rolle Skilferkors

6 Hoenderborsies met vel en been in.

sout en peper na smaak

Hoender Speserye (Ina Paarmen)

2 Hoenderblokkies (Ina Paarmen)

2 Liter kookwater.

1 groot EL Mrs Balls Chutney;

1 Pakkie Knorr Sampoien Sop

1 EL maizena / 1 EL meel / $\frac{1}{2}$ EL Bisto

4 noeltjies

Metode: Braai Hoender stukke liggies in
olyfolie tot ligbruin.

Geur hoender met sout & peper

(Pasop nie te veel sout nie!)

Strooi hoender speserye liggies oorel die hoender.

Los 2 Ina Paarmen blokkies in 1 Liter

kookwater op. Voeg nog $\frac{1}{2}$ liter kookwater by.

Gooi al die vloeistof by hoender in die pot.

Kook hoender tot sag - Skep dan uit in 'n bak

om af te koel.

Gooi dan hoenderaftreksel in pot deur 'n sif
en gooi terug in pot.

Ontbeen hoender - verwyder alle beenjies en
velle. Sny hoender in stukke.

Verhit hoenderaftreksel in pots
[meng 2 lepels meel + 1 lepel maizena + $\frac{1}{2}$ lepel bisto
met 1 Pakkie Knorr sampoien sop met water tot
gladde pasta] roer by hoenderaftreksel. Roer
aanhoudend sodat sous nie aanbrand nie.
Sodra aftreksel begin prut sit die hoender in die sous
en laat stadig prut.

Voeg 1 EL chutney by sous asook 1 koppie room.

Gooi die hele mengsel in 'n bak en laat afkoel.
(Proe en besluit of jy nog iets wil byvoeg)

Rol deeg uit en voer 2 groot ronde tertborde.
Laat deeg effens oorhang.

Verdeel hoender in twee tertborde.

Sit deeg bo-oor en sny rante gelyk.

Meng 1 eier en $\frac{1}{4}$ koppie melk en verf met kwassie
oor pastei. Druk gaafjie in middel van pastei.

Bak pastei by 180° vir 20 min en
verminder hitte na 160° tot mooi goudbruin.

opsioneel.

Ek sny blaartjies van oorskietdeeg en versier
pastei.

Indien jy iets meer wil bysit -

Sous bv. sampioene of wie - doen dit.

WAARNA SIEN ONS UIT?

Volgende op die kalender 2025

APR
18

GOEIE VRYDAG



JUL
07

7-11 JULIE:
AVONTUURWEEK



APR
20

PAASFEES



JUL
08

AVONTUURWEEK



MEI
29

HEMELVAART



JUL
09

AVONTUURWEEK



JUN
01

1-8 JUNIE: PINKSTER



JUL
10

AVONTUURWEEK



JUN
16

KERMIS



JUL
11

AVONTUURWEEK



WOORDE VIR DIE SIEL

"This storm is real, and
our fear is real," said the
horse.



"But our love is also real,
and in the end, love wins."